


## Veiligheidskleppe se uitlate kan gevaarlik wees!

Maart 2021



**Figuur 1. Proses gas lek by mangat deksel**



**Figuur 2. Veiligheidsklep uitlaat op die vloer in die proses area.**

'n Maatskappy in Dalton, Georgia, VSA, is gekontrakteer om triallyl sianuraat te vervaardig. Op 12 April 2004 was daar 'n weghol reaksie en vlambare en giftige triallyl alkohol en allyl chloride is in die atmosfeer vrygelaat. Daar was 'n lek by die mangat deksel se seel (Fig. 1) en ook deur die bars skyf uitlaat by die onderkant van die reaktor. (Fig. 2) Meer as 200 families in die omliggende woonbuurt moes hulle huise evakueer.

Een werker het chemiese brandwonde opgedoen en 154 mense insluitende 15 Brandweermante is blootgestel en moes behandel word. (Bron: CSB report 2004-09-I-GA. Figures from the CSB video "Reactive Hazards")

'n Ander VSA maatskappy het 'n inspeksie van die owerhede gehad. Hulle is aangekla dat hulle veiligheidskleppe se uitlaat nie na 'n veilige plek gaan nie. Die uitlaat was wel buite maar direk bokant die ingang na die proses gebou. As iemand by die deur uitgeloopt het wanneer die veiligheidsklep oopmaak, so hy in die wolk ingeloopt het en aan die uitlaatgasse blootgestel word.

### Het jy geweet?

1. Druk veiligheidskleppe, vir proses en vir utiliteite se uitlaat moet op 'n veilige plek wees. Dit kan afhang van watter materiaal uitgelaat word.
2. Mangat deksels wat sleg seel kan giftige gas lek en werkers blootstel., Daar moet geen ander plekke wees waar giftige materiale onder druk kan lek nie. Die veiligheidskleppe moet die enigste uitlaat wees vir hoë druk.
3. Potensiële uitlaatgas van veiligheidskleppe moet bekend wees en gedokumenteer wees as kritiese veiligheids en omgewings data.
4. Die veiligheidskleppe se uitlate moet so wees dat giftige gasse in die atmosfeer kan dispergeer en vloeistowwe opgevang kan word.
5. As uitlaat materiale opgevang word kan 'n vlambare of giftige gasse wees wat kan ontbrand of mense blootstel
6. Proses – of toerusting veranderinge moet versigtig bestudeer word om te verstaan hoe die impak van veiligheidskleppe se uitlaatgasse geaffekteer kan word.

### Wat kan jy doen?

1. Soek die uitlaat pype van veiligheidskleppe as jy deur jou aanleg stap. As jy een kry, kyk na die volgende:
  - a. Is hy gemerk as 'n veiligheidsklep uitlaat?
  - b. Kan iemand blootgestel word as die veiligheidsklep oopmaak?
  - c. Is daar ander toerusting naby wat van die vlambare en giftige materiale kan vasvang?
  - d. As die antwoord op enig van die drie vrae "Ja" is, kontak jou toesighouer
2. As daar proses of veiligheidsklep uitlate op lae punte in die aanleg is wat iemand kan blootstel, rapporteer dit.
3. Maak seker alle openinge soos mangat deksels en laai gate op toerusting en pype het pakstukke en is behoorlik vasgeskroef sodat dit nie sal lek nie.
4. As daar 'n risiko analise van 'n aanleg verandering gedoen word, vra vir besonderhede van die uitlaat punte. Die uitlaat punte vir veiligheidskleppe en proses uitlate moet toelaat dat giftige en vlambare gasse veilig dispergeer en vloeistowwe moet veilig opgevang word.

**Veiligheidskleppe moet uitlaat na veilige plek! Maak seker dat dit werklik veilig is.**